**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**
(Hebr. 13:8)

# OMSENDBRIEF April/Mei 2019

Ek groet al die broeders en susters wêreldwyd in die kosbare Naam van onse HERE Jesus Christus met die Woord vanuit IIPetrus 3 vers 9:

*"Die HERE vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom".*

Die beloofde Wederkoms van Christus (Joh. 14:3) was in die tyd van die apostels die hooftema en dit is vandag ook so vir alle bybel-gelowiges. Toe die HERE die verwoesting van die tempel in Matthéüs 24 verse 1-3 vooruit gespreek het, het die dissipels Hom drie vrae gevra:

1) *"wanneer sal hierdie dinge wees?*
2) *wat is die teken van* ***u (Weder)koms****?*
3) *en van die voleinding van die wêreld?"*

In IKorinthiërs 15 skryf die apostel oor beide die eerste opstanding sowel as die tweede opstanding en sê: *"Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort* ***by sy (Weder)koms****. Daarna kom die einde ..."* (IKor 15: 22-24). Die Heilige Skrif beskryf verskillende komste, maar dit beskryf net een "Wederkoms" van Christus.

Handelinge 3 beklemtoon wat voor die beloofde Wederkoms van Jesus Christus met elkeen moet gebeur: *"Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die HERE mag kom, en Hy Hom* ***mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus*** *..."* (Hand. 3: 19-20). Die volledige vergewing van sondes en die absolute regverdiging deur geloof in die volbragte verlossing,

moet deur elkeen persoonlik ervaar word, **sodat die HERE die tyd van verkwikking kan stuur**. Die geestelike herlewing en verkwikking, wat die HERE God, in die begin deur die uitstorting van die Heilige Gees geskenk het, is ook aan ons belowe voor die Wederkoms van die HERE.

*"Hom wat die hemel moet ontvang* ***tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge****, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete"* (Hand. 3:21). **Die Wederkoms van Jesus Christus** kan slegs plaasvind as dieselfde boodskap wat aan die begin verkondig was, nou aan die einde verkondig word. Dit gaan dus nie net oor die verkwikking en herlewing deur die Gees van God nie, maar oor die volkome herstelling van alles in die Gemeente, dit wat in die begin beoefen was in die vroeë Gemeente, so ver as dit die lering en die lewe betref.

## Skriftelike Verordening

In die bybelse profesie van die Ou Testament, word alles vooruitgespreek wat behoort tot God se hele plan van verlossing, of dit gaan oor Israel, die Gemeente, of oor die nasies; ook wat by die eerste koms van die Verlosser of by Sy Wederkoms en daarna sal gebeur.

In Lukas 24 het die opgestane HERE aan Sy dissipels geopenbaar dat alles waar geword het, dit wat in die wet, in die psalms en in die profete oor Hom geskryf is. Toe het Hy hulle die verstand gegee om daartoe instaat te wees om alles te leer ken. Selfs nou word alles vervul wat in die Ou en Nuwe Testament oor hierdie tydsduur geskryf is, en die getroue HERE het ons verstand oopgemaak daarvoor. Deur God se genade erken ons watter beloftes destyds vervul was en wat in ons tyd vervul word.

So vind ons byvoorbeeld in Matthéüs 3 vers 3 die bevestiging van God se belofte oor Johannes vanuit Jesaja 40 vers 3: *"Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die HERE, maak sy paaie reguit!"*

By die eerste koms van Christus is ook die eerste deel van Maleági 3 vers 1 deur Johannes die Doper se bediening vervul: *"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan ...".* Dit is wat onse HERE in Matthéüs 11 verse 9-10 bevestig het: *"... Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak"* Die tweede Deel van Maleági 3 vers 1 sal eers geskied wanneer die tempel gebou is: *"... dan sal skielik na sy tempel kom die HERE na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare.*

In Matthéüs 17 lees ons van die verheerliking van ons Verlosser voor die oë van die drie dissipels en waar ook Moses en Elia verskyn het, wat toe gelei het tot die dissipels se vraag aan onse HERE: *"Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moet kom? En Jesus antwoord en sê vir hulle:* ***Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel",*** maar dadelik ook gesê: *"maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly. Toe verstaan die dissipels dat Hy met hulle van Johannes die Doper gespreek het"* (verse 10-13).

Volgens Lukas 1 vers 17 was die eerste deel van die belofte van die profeet Maleagi vervul deur Johannes die Doper: *"... hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders* (Mal. 4:6a) *en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die HERE 'n toegeruste volk te berei".*

Jesus het oor Jerusalem geween omdat Sy uitverkore volk, Israel, die genadige besoek van God en wat daarmee volgens die Woord gebeur het, nie erken het nie, *"en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek"* (Luk. 19: 42-44). Die skrifgeleerdes het hulle nie deur Johannes laat doop nie, en so die Raad van God verwerp (Luk. 7:30). Omdat die skrifgeleerdes tot vandag toe nie weet watter belofte in daardie tyd vervul was nie, wag die Jode nog steeds op Elia se koms. Daarom is daar by elke Pasga-fees 'n stoel en 'n wyn-gevulde beker gereed vir hom.

Die volk Israel is egter twee profete belowe, wat in Jerusalem sal verskyn, soos ons vertel word in Sagaria 4 van die twee olyfbome langs die kandelaar (vers 3). Die verklaring in die profetiese Woord is: *"Dit is die twee **gesalfdes** wat by die HERE van die ganse aarde staan"* (vers 14). Ons vind die vervulling daarvan in die bedieninge van die twee profete, wie ons aan Moses en Elia herinner, in Openbaring 11 vers 4: *"Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan".*

Dank God dat Hy ons die bybelse verordening van profesie gegee het deur genade. Deur die spesiale bediening van Johannes die Doper, wat belowe was vir die eerste koms van die Verlosser, was die Ou Testament vaders tot die geloof van die Nuwe Testament kinders gelei. Hierdie bediening het een honderd persent gebeur in die wil van God en volgens die Woord van God en alleenlik daardeur kon die HERE met Sy eerste koms 'n goed voorbereide volk hê.

Die tweede deel van die belofte uit Maleági 4 vers 6 word nou vervul soos onse HERE in Matthéüs 17 vers 11 en Markus 9 vers 12 aangekondig het; deur ‘n bediening net soos met Elia, word die harte van die kinders van God teruggebring na die geloof van die apostoliese vaders. Dit is die werklike betekenis en doel van die laaste boodskap, dat die HERE by Sy Wederkoms 'n goed voorbereide volk weg kan neem.

## Nie Teorie nie, maar Realiteit

In IKonings 18 word ons vertel dat die profeet Elia die volk van God op die berg Karmel vergader het. Wat het hy eerste gedoen? Elia het die versamelde skare tot 'n besluit geroep: *"Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!"* (vers 21). Toe het hy 12 klippe geneem en die altaar van die HERE opgebou. Wat gebeur in ons tyd deur die Eliabediening? Die leringe van die 12 apostels word opnuut op die kandelaar geplaas, die fondasie van die ware geloof word opnuut gelê, en daarmee word alles in die Gemeente teruggebring na sy oorspronklike stand en in realiteit ervaar. Die ware Gemeente

word vandag nog *"gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is"* (Efé. 2:20).

Die HERE God het geantwoord: die vuur van God het die offer en die altar verteer: *"En op die tyd dat hulle die spysoffer bring, het die profeet Elía nader gekom en gesê: HERE, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek u kneg, en dat ek al hierdie dinge op u woord gedoen het. Antwoord my, HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, HERE, God is, en dat Ú hulle hart tot U laat terugkeer. Daarop het die vuur van die HERE neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek"* (IKon. 18: 36-38).

Toe sê Elía vir Agab: *"Trek op, eet en drink, want hoor, die gedruis van die reën!"* (vers 41). Ons word vertel dat die reën neergestort het. Hoe sal dit nou wees? Destyds het die mense versamel en het was hul harte tot inkeer gebring. Dieselfde geld nou volgens die bevel van die HERE: *"Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!"* (Ps. 50:5; Deut. 4:10).

Die apostel Jakobus skryf: *"Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid ..."* (5:17). Johannes die Doper was 'n mens soos ons. Broeder Branham was 'n mens soos ons. **Dit gaan oor die opdrag, die sending**. Matthéüs lewer só verslag oor die bediening van die gestuurde profeet: *"En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes"* (Matt. 3: 5-6).

Die mense het toegestroom. Almal wat dit wat gepreek was geglo het en berou gekry het, het hulle bekeer en hulle sondes bely en is gedoop. Vandag is dit dieselfde: die mense van God kom van oos en wes, van suid en noord. Almal wat die goddelike boodskap glo, bekeer julle en word gedoop in die Naam van die HERE Jesus Christus!

Diegene wat destyds gedoop is, het gehoor en geglo wat die boodskapper vir hulle gesê het: *"Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek*

*nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"* (vers 11).

Eers het die 120, toe die drie duisend, die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag ontvang en verder nog baie gelowiges op baie ander plekke. Dit was aan die begin; dieselfde is aan ons belowe aan die einde. Almal wat regtig glo en nou gedoop word sal deelneem aan die magtige uitstorting van die Heilige Gees, wanneer beide die vroeë en laat reën op dieselfde tyd val (Jak. 5:7). Die tyd is naby. God het alles herstel deur die laaste boodskap en wil Sy werk van verlossing met die Bruidgemeente seë-vierend voleindig.

## Die Boodskap voor die Tweede Koms van Christus

So gewis soos die HERE God 'n profeet soos Elia belowe het, voor die vreeslike dag van die HERE aanbreek. (Mal. 4:5; Mat. 17:11), so gewis het Hy hierdie belofte in ons tyd vervul. Soos die geestelik-blinde skrifgeleerdes in daardie tyd nie die vervulling van die beloftes in Jesaja 40 vers 3 en Maleági 3 vers 1 herken het nie, herken die christelike leiers vandag ook nie die vervulling van die belangrikste belofte vir ons tyd nie. Met respek voor God en God se Woord, glo ons die getuienis van die sending wat William Branham op 11 Junie 1933 gegee was.

By hulle wie nie respekteer wat die HERE in ons tyd gedoen het nie, gaan ook dit verby wat God tans doen. Sedert 1933 het 85 jare verby gegaan. Op 11 Junie, in die middag om 14h00, toe die jong evangelis, William Branham, sy eerste doping lei, was die bona-tuurlike Wolk oor die godsman sigbaar vir almal teenwoordig by die Ohio rivier toe hy die sewentiende persoon wou doop. Onder ‘n magtige gebrul, wat almal teenwoordig gehoor het, het die woorde tot hom gekom:

**"Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruit gestuur was, sal jou boodskap die tweede koms vooruit loop, in die hele wêreld"**. Broeder Branham het dit gesê op 14 Julie, 1963.

Op 29 Desember 1963 het hy in sy preek gesê: **"Ek sal dit waarskynlik nie doen nie, maar hierdie boodskap sal Jesus Christus aan die wêreld voorstel. 'Net soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruit gestuur was, so sal die boodskap die tweede koms vooruitgaan ...'. Ek weet dit sal so wees. Die boodskap sal voortgaan"**.

En 'n derde aanhaling: **"'n Stem het gesê, 'Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, so sal jou boodskap die tweede koms die hele wêreld in vooruitgaan"**. (19 Februarie, 1965).

Elke stelling moet gebaseer wees op twee of drie getuies (IIKor. 13:1). Daarom het ons die drie aanhalings van die verskillende verklarings uit die mond van broeder Branham, soos hy dit uit die bonatuurlike wolk gehoor het. Dit gaan oor die presiese bewoording van die goddelike sending, naamlik, om die boodskap alleenlik gebasseer op die Heilige Skrif te bring.

Weereens gee ons die valse Amerikaanse weergawe waarin die Woord "boodskap" ontbreek: "Soos Johannes die Doper die eerste koms vooruitgestuur was, word jy die tweede koms van Christus vooruitgestuur".

Meer as tagtig keer het broeder Branham op Openbaring 22 verse 18-21 heengewys en beklemtoon dat niemand 'n enkele woord moet wegneem of toevoeg nie. Dit was net een woord wat die ou slang in Genesis 3:1 gevoeg het by wat die HERE God in Genesis 2 vers 16 gesê het, naamlik die woord "nie". En so het dit tot die val gekom. Wie die valse weergawe glo en hul daarop beroep, is op dieselfde wyse as Eva verlei en verstrik hulself in argumente net soos sy was. By hulle word vervul wat Paulus in IIKorinthiërs 11 geskryf het: *"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus"* (vers 3).

Met broeder Branham het ‘n hoofstuk op 24 Desember 1965 tot ‘n einde gekom, **naamlik, om die boodskap te bring. Hy het die boodskap gebring, maar na geen ander land geneem nie, wat nog van tot aan die einde van die aarde**. Eers ná die heengaan

van broeder Branham was die oorspronklike boodskap na alle lande en tale van die hele wêreld gedra, soos dit in die tweede deel van die sendings-kommissie op 11 Junie 1933 belowe was, en wat broeder Branham aan ons as »SO SPREEK DIE HERE« gelaat het.

Die self-erkende "boodskap geleerdes" het hulself in die stoel van die profeet geplaas en 'n dwaalleer aan die ander bekend-gestel uit misverstaande aanhalings. Dit het begin met die lering, dat alles oor sou wees in 1977, en het tot vandag nog nie opgehou nie.

Daar moet gesê word dat die Bybel niks weet van 'n bediening in 'n tent nie, waarin die profeet, 30 dae voor die Wegraping sal opstaan en optree.

Daar is ook niks in die Woord van God oor die 7 verskillende donderslae nie, en ook niks oor die lering van sewe spesiale manne wat met donderstemme sal praat nie.

Dit sê ook niks wat die Lam wat by die opening van die Seëls die troon van genade in Maart 1963 verlaat het en neergedaal het om aanspraak te maak op die verlostes. Die stem absoluut nie ooreen nie. In elke kerkeeu het die HERE 'n oorwinnaars-skare wat in heerlikheid sal wees. Dis hoe dit staan sewe maal in Openbaring hoofstukke 2 en 3 in die sewe sendings-skrywes. Amen. *"Aan hom wat oorwin ..."*. Amen.

Die laaste belofte is van toepassing op ons: *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het"* (Openb. 3:21).

Dit is nie waar dat Openbaring 10 reeds vervul is nie en dat die HERE as die verbondsengel, omring deur die reënboog, afgekom het nie.

Wanneer Hy as 'n engel van die verbond kom, plaas Hy Sy voete op land en see en sweer dat tyd nie meer sal wees nie. Wanneer dit gebeur, is net die laaste 3½ jaar oor, soos Daniël dit in hoofstuk 12 vers 7 gesien en gehoor het: *"'n Tyd, tye en 'n halwe tyd ..."*

As die Engel van die Verbond kom Hy na die Jode. Dan vervul dit ook Maleági 3 vers 1b: *"... dan sal skielik na sy tempel kom die HERE na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare".* Dank God vir die duidelikheid in die Woord van God en vir elke belofte wat in die Woord van God geskryf is en wat op die bestemde tyd die vervulling daarvan vind.

Almal wat glo volgens die valse weergawe dat Broeder Branham die Wederkoms van Christus voorafgegaan het, glo hul eie interpretasies. Die lys van valse leringe kan voortgesit word. Petrus skryf egter met goddelike outoriteit dat geen profesie van die Skrif eie interpretasie toelaat nie (IIPet. 1:20). Geen uitverkorene sal 'n dwaalleer glo nie. Diegene wat voor die grondlegging van die wêreld gekies is, kan nie mislei word nie. Hulle ervaar dat die boodskap steeds die Wederkoms voorafgaan, soos die HERE gesê het. Hulle word na die Woord teruggebring en glo net wat in die Woord geskryf staan. Amen.

## 'n Bybelse Sending

Tot 'n sending behoort wat die HERE gesê het: *"Soos die Vader My gestuur het, **stuur Ek julle ook**"* (Joh. 20:21). Dit kon Paulus ook getuig toe hy van sy roeping gesê het: *"terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene **na wie Ek jou nou stuur**, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang"* (Hand. 26: 17-18).

Die vermaning wat Paulus aan sy medewerker Timótheüs gegee het, geld ook vir my en elke dienaar van God: *"... dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse HERE Jesus Christus ..."* (ITim. 6:14).

Eerstens moet die HERE 'n opdrag gee voordat dit uitgevoer kan word. Paulus het 'n opdrag gehad; hy kon getuig van die dag, die uur, die plek en wat aan hom gesê was (Hand. 9, 22 en 26). Moses kon dieselfde doen (Ex. 3), en so ook kon Josua getuig (Hfst. 1).

Jesaja se verslag was: *"Daarop hoor ek die stem van die HERE wat sê: Wie sal Ek stuur?* ***En wie sal vir ons gaan?*** *Toe antwoord ek:* ***Hier is ek, stuur my****"* (Jes. 6:8). Alle ware dienaars van God getuig van hulle sending. Broeder Branham kon verwys na 11 Junie 1933, 7 Mei 1946, en na 28 Februarie 1963 en verder na die tydperk vanaf 17 tot 24 Maart 1963, toe die HERE hom spesiale instruksies gegee het.

Net so kan ek ook na besondere ervarings terugkyk, na die plek en tyd, en wat die HERE elke keer met 'n gebiedende stem beveel het, waarin Hy my as 'My dienskneg' aangespreek het, beginnende met 2 April 1962. Deur God se genade het ek elke opdrag wat die HERE my gegee het, presies gevolg — alles net genade, dit wat tot 'n goddelike roeping en sending behoort.

Ek het enkele van die direkte toewysings en bonatuurlike ervarings, wat die getroue HERE my gegee het, in die omsendbrief van Desember 2005 genoem. Dit het sedert die dae van die Bybel nie meer gebeur nie. Maar omdat ons in die belangrikste tydperk van die heilsgeskiedenis aangekom het, wys die HERE ons dat Hy bekommerd is oor Sy Gemeente. Die opdrag moet onberispelik uitgevoer word, skryf Paulus.

My eerste omsendbrief in September 1966 het ek onderteken: "Gelewer in opdrag van God". So het dit tot vandag toe gebly. Niemand kan hulself voorstel wat dit beteken om die deurdringende stem van die HERE te hoor en om direkte instruksies te kry nie.

Dit was God se besluit om my as die draer van die suiwere, heilige boodskap regoor die wêreld te stuur. Hy het dit so gelei dat ek broeder Branham persoonlik vir 10 jaar geken het, en my toegelaat om deel te neem aan sy vergaderings in Duitsland asook in die VSA. Ek is 'n oog-en-oor getuie van wat God in ons tyd gedoen het. Ek sal nooit my eerste persoonlike ontmoeting met broeder Branham op 15 Augustus 1955 vergeet nie. Nog voordat ek hom gegroet het, het hy vir my gesê: "Jy is 'n prediker van die evangelie". Ook onthou ek baie goed toe hy my op 12 Junie 1958 in Dallas, Texas, in die VSA, vertel het: "Broer Frank, jy gaan na Duitsland met hierdie boodskap terugkeer". Met dieselfde on-

feilbare profetiese gawe het hy op 3 Desember 1962 herhaal, dit wat die HERE aan my tydens my roeping gesê het en het geëindig met die woorde: "Wag met die uitdeel van die voedsel totdat jy die res ontvang het".

Hy het my toe gevra om die volgende Saterdag, 8 Desember 1962, in sy plek by Clifton's Cafeteria, by Demos Shakarian se 'Christian Businessmen's Fellowship' te preek, want hy self moes, na aanleiding van 'n visioen, voorberei om na Tucson, Arizona, te trek. Hy het my ook gevra om op Sondag, 9 Desember, in die gemeente van Ernest Hutton in Oakland, Kalifornië namens hom te preek. Hy het my selfs die adres van Paulaseer Lawrie gegee, 'n bekende genesings-evangelis wat sy vergaderings in Bombay bygewoon het. Ek moes hom kontak, sou ek 'n reis na Indië meemaak. Ek kan voortgaan om te vertel hoe die getroue HERE van die begin af alles so wonderlik gelei het.

Deur God se vooruitbestemming en leiding, is die boodskap die hele wêreld ingedra, hier voor die Wederkoms van Christus — net soos dit aan die man van God voorheen gesê was. Die volle, ewige Evangelie word volgens Matthéüs 24 vers 14 aan alle mense as getuienis verkondig en die einde is aan die kom. Die tekens van die eindtyd dui ook daarop heen. Onse HERE het gesê, *"En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is"* (Luk. 21:28).

So gewis soos die geskrewe Woord onfeilbaar en onberispelik is, so gewis sal die Bruid van die Lam, wat nou die goddelik-geopenbaarde Woord glo, deur die Bruidegom sonder vlek en sonder gebrek, ja, selfs onberispelik, by die Wegraping begroet word. Dit moet aan almal duidelik wees dat geen valse leraar en geen misleides weggeraap sal word nie. God kan net Sy seël plaas op die bloed gewastes en die wat in die Woord geheilig is (IIKor. 1: 21-22).

Die tyd is naby, die tyd is hier. wanneer ons nog 'n maal terugkyk na die onlangse verlede, dan kan ons met 'n duidelike blik na die toekoms kyk. Almal wat die bediening van broeder Branham ken, is vertroud met die gebeure in die jare 1933 tot 1965. Maar

wie besef wat God sedert 1966 volgens die roeping en beloofde sending gedoen het?

Die afgelope 53 jaar het ons voortgegaan om die ware verkondiging te doen, wat in direkte opdrag van God wêreldwyd geskied. Daar is twee tydperke: die eerste was vanaf 1966 tot 1979. Sedert 1979, toe Satan my en die gemeente wou vernietig, het daar nou 40 jaar verbygegaan. Iets soos dit het nog nooit tevore gebeur nie: Die eindes van die aarde is bereik en miljoene het gehoor dit wat God in ons tyd gedoen het. Die HERE vergeet nie Sy belofte nie. Hy wag maar tot die nommer vol is en die laastes bygevoeg word. Ongelukkig, veral in die laaste 40 jaar, het broeders verskyn wat geen roeping het nie. Hulle bied hul eie leerstellings aan en lok dissipels as volgelinge met die slagspreuk: "Die profeet het gesê!" So het daar in baie stede verskillende groepe, sogenaamde 'Boodskap Groepe' na vore gekom, wat elk hul onderskeie leiers volg, elk met hul verskillende leringe.

Maar die HERE bou slegs Sy Gemeente. Met my roeping het Hy beveel: "My dienskneg, moet nie plaaslike gemeentes stig nie en moet nie 'n gesangboek uitgee nie, want dit is ‘n teken van 'n denominasie!". So gewis soos Hy op 19 September 1976 vir my gesê het: "My dienskneg, Ek het jou aangestel volgens Matthéüs 24 verse 45-47, om die voedsel op die regte tyd uit te deel", so gewis is daar broeders wat dieselfde geestelike voedsel in die verskillende lande en stede in die gemeentes uitdeel.

53 jare van die geseënde verkondiging van die Woordboodskap; 40 jare van ingesluipte valse broeders wat kettery versprei het. Nou kom al die ware kinders van God, wat sedert 1979 onder die verkeerde invloede was, van alle verkeerde rigtings af terug. Die boodskap het die eindes van die aarde bereik — die Wederkoms van ons Verlosser is voor die deur. Luid en duidelik kan gehoor word: "Daar kom die Bruidegom; gaan uit Hom tegemoet!". Broeder Branham het dikwels gesê: "… teen die aandtyd sal dit lig word …"; dit het gebeur. Maar nou het ons by die middernaguur aangekom. Net diegene wat gereed sal wees, gaan die bruilofsmaal ingaan. Broeder Branham het sy sendings-

opdrag uitgevoer; Ek voer my sendings-opdrag uit. Wie ore het, hulle hoor en wie van God is, sal dit aanvaar. Elkeen moet hulself beproef met betrekking tot die sending. So spreek die HERE: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"* (Joh. 13:20).

Enigeen wat voorgee om die boodskap te glo, moet rondom hulle, in hul eie stad kyk en die vraag vra: hoeveel gemeentes van God het bestaan in Éfese, Korinthe, Philadelphia en Laodicea? Dan kan iets nie reg wees nie vandag as daar in een stad verskeie 'Boodskap gemeentes' bestaan. Die tyd het aangebreek dat oordeel moet begin in die huis van God, *"... wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid"* (ITim. 3:15).

Ons verwag 'n bybelse herlewing, waarin die krag van God gemanifesteer word. Mag hierdie 'n jubileumjaar wees, 'n jaar waarin die vrylating van al die misleides geproklameer word. Die tyd is naby; die tyd het aangebreek, waarin alle ware gelowiges in elke plek een hart en een siel het soos in die begin. Die HERE staan voor die deur en klop daaraan.

Die volgende skrifte sal ons aanmoedig en ons geloof versterk:

*"So waar as God getrou is – ons woord tot julle was nie ja en nee nie!*

*Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.*

*Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het"* (IIKor. 1: 18-22).

*"Paulus, 'n apostel van Jesus Christus* ***deur die wil van God****, aan die heiliges wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus:*

*Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die HERE Jesus Christus!*

*... sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het,*

*In wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,*

*wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid"* (Efé. 1: 1-13).

Dit sal inderdaad waar word in almal wat deel is van die Bruidgemeente.

### Gemeentelike- en Sendingwerk

Vol lof kan ek elke keer terugkyk na die baie jare in diens van die HERE. Die HERE God het van die begin af sigbaar geseën, gedink aan alles en gesorg vir alles. So is ons in Desember 2018, as 'n plaaslike gemeente toegelaat om ons sestigste herdenking te vier.

Van die begin af het ons iets buitengewoon ervaar, waardeur God genade gegee het vir die uitvoering van alle opdragte op alle gebiede. Nadat ek vanaf die begrafnis van broeder Branham in April 1966, teruggekeer het na Krefeld, het 'n nuwe besonderse tydperk aanvang geneem. In alle stede waar ek vergaderings gehou het, het gelowiges gekom om God se Woord te hoor.

Die volgende foto wys 'n doop in die buitewyke van Krefeld in 1968, in 'n klein meer:



Aanvanklik het ons byeengekom as 'n huiskring en, namate die gemeente groter geword het, in gehuurde sale. Uiteindelik kon ons die Paasnaweek van 1974 ons eie aanbiddingsplek met 560 sitplekke inhuldig. Net so het die wêreldwye sendingwerk gegroei met die maandelikse sendingreise oor die hele wêreld. Toe kom 18 Julie 1976, toe die HERE my met 'n groot stem aangespreek het: "My dienskneg, gaan na die aangrensende eiendom en wy dit aan My. Bou daarop want daar sal mense uit baie lande kom, wat akkommodasie sal benodig".

Ons het toe die grote aangrensende grond by die klein erf gevoeg waarop die kapel staan, sodat dit nou presies tien duisend vierkante meter is. Die inhuldiging van die twee groot sendinggeboue met kantore en akkommodasie het plaasgevind op die Paasnaweek van 1978. Die laaste gebou was in 1990 opgerig vir die uitgewery, waarin die drukkery, die verwerkings- en verskepingskamers geleë is. Ook vir susters in die kantore en vir die verskeping, sowel as broeders vir die verwerking en die tegnologie, het God sorg gedra — sommige was selfs uit verre lande na ons gelei. So kan ons leesstof en ook CD's en DVD's in verskillende tale versend. Die vergaderings op die eerste naweek van elke maand word gelyktydig vertolk in 14 tale en aanlyn oor die internet gebeeldsend. Ons broeders in die tegnologie het seker gemaak dat ons aanbidding in verskeie tale wêreldwyd gevolg kan word. Tans het ons 7500 aansluitings en bereik 172 lande. Almal wat betrokke is by die werk van God, dien Hom met toewyding, sodat selfs leke kundiges geword het.

God het ook gesorg dat die deure oor die hele wêreld oopgaan vir die verkondiging, dit maak nie saak van watter godsdienstige of politieke oortuiging die individuele lande is nie. Daarbenewens word al die gemeentes in alle lande met die nodige toerusting voorsien, sodat die ware gelowiges alleen deur die skrifgebaseerde verkondiging, met God verbind kan word. As ‘n mens mooi kyk, is alles 'n wonderwerk wat nêrens op aarde gevind kan word nie. God se Woord word aan alle nasies verkondig as ‘n getuienis, soos die HERE vooruitgespreek het. Ons is nou baie na aan die einde. Die HERE sal Sy werk van verlossing voleinding,

soos Hy Sy skeppingswerk voltooi het, en dit sal baie goed wees. Aan Hom alleen kom toe alle dank in der Ewigheid.



Die foto wys broeder Leonhard Russ langs my by die inhuldiging van die Huis van God in 1974. Ja, broeder Russ was 'n man na aan God se hart. Vir meer as vyftig jaar het ons saam die HERE gedien. By hierdie geleentheid moet ek weer noem hoe die getroue HERE my op 'n Vrydagaand in September 1967 hardop beveel het: "My dienskneg, stel vir My Leonhard Russ en Paul Schmidt aan as ouderlinge". In Titus 1 vers 5 het Paulus bevel gegee aan sy medewerker, om in Kreta ouderlinge in die gemeentes aan te stel. In Krefeld het die HERE my beveel om dit te doen, en die name en vanne van die broeders uitgespreek. Vir 'n paar jaar al is broeder Russ by die HERE; Broeder Schmidt is, dank die HERE, nog steeds met ons.

## Israel in Profesie

In die daaglikse nuus hoor ons keer op keer hoe Israel skuldig bevind en gevonnis word. Die bedreiging van Iran, om Israel in ‘n oorlog in drie dae te verslaan, sodat die Israeli's "nie genoeg grafte sal het om hul dooies te begrawe nie", spreek vanself.

Ons word herinner aan die beloftes van God aangaande Israel: *"En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word"* (Sag. 12:3).

*"As Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, sal Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van baie nasies. En hulle sal weet dat Ek, die HERE, hulle God is, daaraan dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar hulle weer versamel het in hulle land en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie"* (Esé. 39: 27-28).

*"En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies"* (Sag. 2:12).

Ook die rol wat die pous in die konflik in die Midde-Ooste speel, ervaar ons. Tydens sy besoek aan Abu Dhabi in Februarie het hy weereens die vrede beklemtoon en gepraat van die geweld teen Israel. Na sy toespraak het die pous saam met die hoof verteenwoordiger van Sunni Moslems 'n gemeenskaplike verklaring vir die "Vrede in die wêreld" geteken.

Dit word steeds duideliker dat die vredesverdrag met Israel nie ver weg is nie. Volgens Daniël 9 vers 27 is dit 'n 7-jaar kontrak wat in die helfte gebreek word.

Paulus skryf: *"Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie".* (IThes. 5:3).

Maar dit gebeur eers ná ons tyd. Broeder Branham wou die evangelie na Israel bring, maar God het hom nie toegelaat nie. 'n Aanhaling: **"So, ek wag op die groot geleentheid om eendag na Israel te gaan om die evangelie aan hulle te bring. Onlangs was ek baie naby, in Egipte, en het my kaartjie alreeds gekoop gehad. Binne 'n halfuur sou ek daar wees. Maar so duidelik as wat jy my stem hoor, het die Heilige Gees gesê: 'Dit is nog nie die uur vir die Jode nie'. Israel sal gered word as 'n volk. Die hele nasie sal eensklaps bygevoeg word. God handel met Israel as 'n nasie; ons weet dit almal — nie met die individue**

**nie, maar as 'n nasie. Hy het my dus nie toegelaat om te gaan nie"** (8 Julie 1962). Nie broeder Branham of enige iemand anders is bestem om die evangelie na Israel te bring nie; Dit is gereserveer vir die twee profete, soos dit in Openbaring 11 en in Sagaria 4 vers 14 geskryf staan.

Eerstens voleindig die Verlosser Sy genadewerk met die uitverkorenes van alle nasies en neem dan Sy Bruid in die Wegraping na die bruilofsfees in die heerlikheid (IThes. 4: 13-17; Openb. 19: 5-9).

Onse opdrag bestaan daarin, om die laaste oproep uit te basuin, waardeur die finale boodskap aan die kinders van God onder al die volkere van die aarde gebring word. Almal wat die wedergeboorte meemaak deur die Woord en die Gees van God, hoor, glo en ervaar hulle voorbereiding en word uiteindelik in die Wegraping die heerlikheid opgeneem. Amen.

Ons verbly ons met Israel en veral met die belofte dat die Woord weer uit Jerusalem, vanuit die berg Sion sal uitgaan: *"Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem"* (Jes 2:3).



Die foto wys ons toergroep op 17 Mei 2018 in die Knesset. Op 21 Januarie, 2019, het ek 'n brief aan Eerste Minister Benjamin Netanyahu geskryf met agt bybelverse uit die Ou Testament, wat nou in Israel vervul is.

Die getroue HERE seën u almal.

Gelewer in opdrag van God.

Bro. Frank

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus ‘n epos aan:

(in Afrikaans of Engels): info@pretoriamission.co.za

Telefoon: +27-12-756-4504

(in Engels of Duits): volksmission@gmx.de

Telefoon: +49-2151/545151

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

© deur die outeer en uitgewer – E. Frank